Pellissier
Omgeegroepe / Huis

"Gebed wat lewens verander"

11/08/2019 – **Uitreik - Sondag**

Matteus 28:19 – "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels…"

Bybel Tyd: **So:** Matt. 28:18-20 **Ma:** Mark 16:15 **Di/Wo:** Luk 24:45-47 **Do/Vr:** Joh 20:21 **Sa:** Hand 1:8

Bid Tyd:

Aanbid (Sang en Gebed) – Doen saam lof en aanbidding

Dankgebed (gebed voor ete): Dankie dat ons kos het. Wees met hul wat nie het nie.

Seëngebed (seen mekaar elke oggend so): Help my om gehoorsaam te wees aan die groot opdrag.

Gesels Tyd: **Teks: Matt 28:18-20**

Oopskop vraag: Gee elkeen in die groep/huis 'n geleentheid om hulle grootste vreugde of hartseer van die afgelope week/dag te deel.

Raakvat vrae:

1. Wat is julle familieleuse? Het julle so iets? Indien nie, formuleer vir julle een..
2. Watter prys betaal ons vir ons geloof?
3. Het almal in julle huis/gesin geloofsekerheid? Praat met mekaar hieroor.
4. Hoekom is dit belangrik om die evangelie by onbereikte bevolkingsgroepe uit te kry?
5. Hoe is jy/julle persoonlik betrokke by die "groot opdrag"?

Speel Tyd: (Ons spandeer kwaliteit tyd saam)

1. Trek 'n kaartjie uit die gasvryheidskaarte (kontak die kantoor as jy belangstel in die kaarte)
2. Kry vir julle 'n wêreldkaart en kies 'n land waarvoor julle hierdie week gaan bid. Maak 'n fotostaat van die land se vlag en plaas dit teen die yskas se deur om julle te herinner om te bid.

Doen Tyd: (Ons oefen ons geloof op 'n praktiese manier)

1. Na wie toe reik ons hierdie week uit? 2. Gesels oor julle uitreikprojek.